Neem-Dit-Huis-Toe – 5-6 Jariges

Gebed

Wat is gebed?

Lees Matt 6:5-13b

Gebed is nie 'n aanbieding nie. Gebed is ons toegang tot God. Die krag van gebed is die magtigste gereedskap wat Christene kan hê. Miskien weet ons nie hoe om te bid nie, miskien wil ons nie bid nie, miskien verstaan ons nie gebed nie, maar hoe dit ook al – ons bid nie gereeld genoeg nie.

Gelukkig vir ons, het Jesus vir ons die beste voorbeeld gegee van hoe ons in ons daaglikse lewens kan bid. Hoewel dit 'n kragtige gebed is, is die Onse Vader nie net 'n gebed nie, maar ook 'n model van hoe om te bid.

Soos wat ons vanaand die Onse Vader gaan lees en bid – wil ek hê jy moet vir oomblik nadink – eenvoudige gebede vanaf gelowige mense word beantwoord deur 'n almagtige God en word gebruik om groot verandering te weeg te bring.

Waarom bid ons?

Vers 9: "Ons Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word;"

Gebed gaan in die eerste plek daaroor om God te aanbid en sy naam groot te maak. Max Lucado het eens gees: Ons gebede mag dalk ons ongemkaklik laat voel. Ons pogings mag dalk slap wees. Maar aangesien die krag van gebed by die Een is wat dit hoor en nie by die een wie dit sê/bid nie, maak ons gebede 'n verskil (vry vertaal).

Gebed gaan nie oor jou of my nie. Gebed gaan alles oor God! As ons dit verstaan sal ons gebede altyd begin soos Jesus sin, met aanbidding en verheerliking. Lofprysing is die regte postuur van gebed en dit skep die atmosfeer vir gebed. Lofprysing sê aan God, "U is my Vader en ek is U kind. U is my Skepper en ek is U skepsel. Ek is die sondaar en U is my Verlosser. U is heilig!"

Deur gebed altyd te begin met lofprysing/verheerliking sit ons in 'n posisie van nederigheid om God opreg te soek.

Vers 10: "… laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel".

Ons gebed moet 'n doel hê! Soms, sal ons God benader met ons behoeftes en begeertes. Ons bid vir "ons koninkryk" en ons planne en behoeftes om te realiseer. Maar Jesus leer ons om Sy koninkryk eerste te soek.

Sy koninkryk moet voorrang geniet bo ons koninkryk. God se doel is altyd groter en belangriker as ons doel. God is die goeie Vader wat vir jou lewe in oorvloed wil gee. In plaas van om vir jou eie wil te bid, bid dat God se wil in jou lewe sal geskied.

God sal Sy koninkryk deur ons bring, nie as gevolg van ons nie. Ons moet eerste 'n begeerte hê, om God se koninkryk te sien kom en dan moet ons vennote in dit wees om dit te sien gebeur. Is jy bereid om jou eie wil neer te lê, vir die perfekte wil van God?

Vers 11: "Gee ons vandag ons daaglikse brood;"

Die Here voorsien. Het jy al ooit gebid vir die Here om jou te help jou broer se verlore kar te vind? Ek het al en dank die Here, Hy het daai dag met gebed verhoor. Soms voel ons simpel om te bid oor die klein dingetjies in die lewe, maar God is besorgd oor die klein dingetjies van die lewe.

In teendeel, Hy wil hoor oor elke aspek van jou lewe. Jy sal nooit vir God pla met jou bekommernisse of behoeftes nie. Die Here van die heelal wil deel wees van jou familie lewe, jou werkslewe, jou groot en klein besluite wat jy moet neem. God is nie net besorgd oor jou toekoms nie, Hy is ook besorgd oor "jou vandag".

Vers 12: "… en vergeef ons ons oortredings soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree";

Ons het 'n daaglikse nood vir God se genade en liefde, vir onsself en vir ander. Vergifnis van God berus op jou vermoë om ander te kan vergewe. Hier is die enigste deel van die Onse Vader gebed, waar Jesus 'n aksie/daad aanheg wat sê – "Jy kan vir vergifnis bid, maar maak seker jy vergewe ander ook – die maat waarmee jy vergewe is die maat waarmee God jou gaan vergewe. Moet nie 'n halwe daad van dit maak nie.

God is die almagtige God wat 'n groot toekoms vir jou beplan het, maar jy moet al die klein seermaakies en wrokke wat jy het laat gaan, om sodoende te kan inloop in daardie toekoms wat God vir jou beplan het. Wanneer jy iemand vergewe, spreek jy daardie persoon vry en so spreek God jou ook vry.

Vers 13a: "... en laat ons nie in die versoeking kom nie maar verlos ons van die bose".

Ons het die Here se beskerming nodig. Die vyand kan kom om te steel, te moor en om te vernietig, maar God is ons grootste Verdediger en ons sterkste Beskermer! Wanneer ons ons lewens oorgee aan God, beskerm en bewaar Hy ons teen aanvalle vanaf die vyand.

Vra jouself, Waarvan moet ek beskerm word? Waarvan moet ek bevry word? Miskien is dit van depressie, of skinderstories, 'n vloek op jou familienaam wat jy al vir geslagte heen saamdra. Maar sodra jy jou lewe oorgee aan die Here, hoor Hy jou, Hy luister na jou en Hy sal vir jou sê: Kyk wat Ek vir jou gaan doen!

Vers 13b: "Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."

Bevestiging van God se krag en heerlikheid, dat God Koning is in jou lewe en nie jy of die dinge van die wêreld nie. Jesus leer ons om ons gebede af te sluit met die bevestiging dat God almagtig is en dat dit wat ons so pas gebid het, is nie leë woorde nie, maar geloof en vertroue in die allerheiligste God – dat Hy getrou is, al is ons ontrou, dat dit wat ons bid met opregte harte, sal gehoor en verhoor word deur God.

Jesus modelleer vir ons gebed in beide eenvoud en krag. Eenvoudige gebede veroorsaak groot verandering en ons toegang tot mag van God word verkry, deur gebed. Aangesien hierdie model van gebed, vanaf God Homself kom, wil ek jou graag bemoedig om dit daagliks te bid vir jou familie en jou geloofsfamilie.

Vir by die huis, probeer die volgende...

Gebed is ‘n belangrike deel van ons geloof omdat ons glo dat die Here ‘n God is wat in ‘n verhoudings met ons is. Gebed is die manier waarop ons met God kommunikeer. God tree in verhouding met die skepping en met elke persoon om God se liefde uit te deel. Ons bid omdat die Here nie afwesig is nie, maar teenwoordig is, en boonop dat God met ons elkeen handel nes ons is.

Deur te bid, erken ons dat ons heeltemal afhanklik van die Here in ons daaglikse lewens is. As ons bid, vra ons nie net vir wat ons wil hê nie, maar ons bid ook dat die Here se Naam geheilig word en dat die Here se koninkryk sal kom. Ons vra ook dat God se wil (en nie ons wil nie), sal geskied in die hier en nou. Gebed is ook ‘n manier om sonde te bely, God te prys en vir ander mense in te tree.

Lees Handelinge 16:16–40

Kyk:

- Wat sien jy raak in die prent bo-aan hierdie gedeelte?
- Hoe help dit jou om oor die tema te dink?
- Aan watter ander beelde of metafore kan jy dink om hierdie tema of teks uit te beeld?

Dink:

- Hoekom het Paulus en Silas God geprys in hulle omstandighede?
- Hoe sou jy voel as jy, soos Paulus en Silas, in die tronk toegesluit was bloot omdat jy iemand gehelp het? Sou jy God geprys het?
- Kan ons God se wil verander deur te bid?
- Wat is die doel van gebed?
- Hoe moet ons bid, al gaan dit hoe sleg of hoe goed?

Doen:

- Maak ’n gebedslysie wat net uit dankgebede bestaan. Gebruik dit as ’n riglyn vir jou volgende week of twee se gebede.
- Neem die koerant en bid deur die hooftrekke daarvan.

Bid:

- Dankie Here dat U vir my wys U is…
- Ek bid dat U wil sal geskied in…

Tiener-fokus:

- Stel ‘n alarm op jou foon vir ‘n paar tye in die loop van die dag en probeer om elke keer as dit afgaan te bid. Doen dit vir ‘n week. Hoe beïnvloed dit jou om deurlopend in die dag met God te gesels?

Familie-fokus:

- Maak saam ‘n eenvoudige liedjie op, op ‘n maklike of bekende wysie, wat julle kan sing beide as dinge goed gaan en as dinge sleg gaan.